

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 25

23 Junie 2024



Vernuwende Denke (vervolg)

Liewe broers en susters, beplan alles wat waar, eerbaar, skoon, lieflik, en lofwaardig is.

-Fil 4:8-

Here, help my om oor dinge te dink wat goed en waar is, wat beteken dat ek my nie kan besig hou met leuens en slegte nuus nie. Help my om aan dinge te dink wat eerbaar en rein is, wat beteken dat ek nie kan dink oor bose en onrein dinge nie. Help my om liefdevolle gedagtes te koester en nie my gedagtes te vul met jaloesie, woede of haat nie. Help my om aan positiewe dinge te dink wat goed en lofwaardig is en nie toe te laat dat negatiewe gedagtes my denke binnedring en my verwar nie. Help my om my denke te alle tye te beheer.

Ek pleit by julle in die Naam van ons Here Jesus Christus om eendragtig saam te staan – één in julle oortuigings. Daar mag nie groepvorming onder julle wees nie. Julle moet van harte saamstem in julle denke en in julle visie. -1 Kor 1:10 –

Here, help my om eendragtig saam met ander gelowiges te staan. Gee dat daar harmonie sal wees tussen my en dié wat U liefhet. Waar ek of ander nie op die regte manier dink nie, verander ons gedagtes letterlik sodat ons soos U sal dink. Help ons almal wat in U Naam geroep is om heelhartig saam met mekaar te stem in ons denke sodat ons voortdurend in die Gees kan wandel en nie in die vlees nie.

Julle moet op ‘n nuwe, geestelike manier leer dink. – Ef 4:23 –

Here, gee dat my denke vernuwe sal word sodat ek die nuwe mens in Christus kan word wat U graag wil hê ek moet wees. Ek weet dit kan nie gebeur sonder dat U dit vir my moontlik maak nie. Daarom wil ek nou my ou denkpatrone laat staan, deur die krag van U Gees wat in my werk en deur die krag van U Woord wat in my gedagtes en my hart woon. Gee my rein gedagtes wat produktief is en vrug dra. Gee vir my ‘n goeie geheue en die vermoë om dinge goed te deurdink. Ek bid dat U my intellegensie en wysheis sal gee. Vernuwe my denke soos U dit wil hê sodat ek alles kan doen wat U my geroep het om te doen.

Dankie!

- **Vir die krag van die Heilige Gees wat ons help om ons denke te kan vernuwe!**
- **Vir die Gees van God wat ons gewillig en bekwaam maak!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir God se plan vir SA.
- Vir ons skoliere en studente. Vir die veiligheid van ons jongmense...

Gebedsversoeke

- | | |
|--------------------------|---------------------------|
| • Lottie Conradie | Marthie Jooste |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp | Rudi Kruger |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Johnny Viviers | Allison Vorster |
| • Annika Killian | Jaap Naudé |
| • Leonie Kruger | Willie Viljoen |
| • Annatjie Pienaar | Jurie Matthee |
| • Jillian Jansen | Adolf Wolmarans |
| • Frelma Prinsloo | Alet Heads |
| • Ivan Garacki | Adri Botha |
| • Ansie Harrison | |

Gedagte vir die week

Geen mens is groter as sy gebedslewe nie. As ons hier versuim, versuim ons oral.

- Leonard Ravenhill -

-

Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org